

2 April

**Skrifgedeelte: Jeremia 47 en 48
Fokusgedeelte: Jeremia 48:10-12 27-31, 39 en 42**

God hou nie van slap hande en lam knieë

Die werk in die koninkryk van God kan nie met slap hande en lam knieë gedoen word nie. Moab was 'n bevoorregte nasie, hoewel hulle die afgod Bakos gedien het. Hulle was nie by die oorloë betrokke nie en het rustig (vers 11) gesit en die koppe meewarig geskud wanneer hulle na Israel en Juda se omstandighede kyk. Met trots en met hoogmoed het hulle neergesien op die wat ly. Die Here vergelyk hulle met wynsakke vol ou wyn wat roerloos lê en waarvan die afsaksels dik op die bodems vorm. Geen gisting of veroudering het plaasgevind om die smaak en geur te verbeter nie. So is dit gesteld met hulle wat in diens van die Here wil staan, maar niks wil doen nie. Sonder enige inspanning, entoesiasme of daadwerklike optrede, in diens van die Here, wil hulle rustig op hul louere rus en deel in die voorregte van Christenwees en kerkwees. Die Here verwag daadwerklike optrede en entoesiasme in ons dienswerk in sy koninkryk en in ons godsdiensbeleving in die algemeen. Om net op jou belydenis te roem en jou op jou tradisionele Christenskap te beroep, maar niks te doen nie, is om op jou afsaksel te rus. Rig die slap hande en verlamde knieë weer op in die diens van die Here. Om hoogmoedig neer te sien op die wat ly, hoogmoedig die kop te skud teenoor hulle wat arm en beproef is, maak jou skuldig voor die Here.

Sing: Psalm 100:1,2

Ds DL de Beer (Emeritus)